

Beginnels van 'n gelukkige huwelik

Studie 3 – Die geslagskwessie

Dankie vir die kommentaar op my vorige artikel wat oor geslag handel het. Ek vra om verskoning dat ek nie verduidelik het nie. Jy sien, ek is 'n man. Al my ervarings is vanuit daardie perspektief. Wanneer ek onderrig gee, gee ek dit uit persoonlike ervaring, en alhoewel ek jou kan sê wat die Bybel oor 'n vrou se rol in die huwelik sê, kan ek dit nie met oortuiging bedien nie, aangesien ek nog nooit ervaar het hoe dit moet voel om aan 'n man onderdanig te wees nie. Ek kan maar net vertel hoe ek as man dit ervaar om 'n vrou te hê wat 'n sterk persoon is – 'n onderwyseres in haar eie reg – maar wie haarself vrywilliglik aan my onderwerp. En ja, haar optrede is 'n groot deel van die rede waarom ons 'n suksesvolle en vredevolle huwelik het.

Ek moet net weer beklemtoon dat ons sukses nie daarin lê dat ons sulke oulike mense is nie – want ons is nie. Ons is net gewone mense met 'n eenvoudige huis – ons keuse. Die sukses het alles te doen met 'n groot God wat die huwelik ontwerp het en beginsels vir die huwelik in sy Woord – die Bybel – neergeskryf het. Ons het eenvoudig die reëls gehoorsaam.

50/50

Van geslag gepraat, moet ek sê dat ek nie met die algemene filosofie saamstem dat die huwelik 'n 50/50 ooreenkoms is nie. Ek verstaan uit daardie filosofie dat elke party 50% aan die huwelik moet bydra. Ek glo dat die huwelik 'n 100/100 ooreenkoms is. Vir my klink

50/50 te selfsugtig. *Ek het my 50% gegee, waar is joune?* Daar is geen man of vrou wat in alle eerlikheid kan sê dat hulle altyd 100% voel, en daarom in staat is om altyd hulle volle deel by te dra nie. Gevolglik, as elkeen se deel net 50% is en jy op 'n dag vir een of ander rede swak voel en jou deel nie kan bybring nie, gaan daar 'n probleem in die huis wees.

Twee is beter as een

Nee, ek glo eerder dat God van die man verwag om 100% van sy verantwoordelikheid in die huis op te neem – om God se roeping en vereiste vir sy bediening as man te vervul. Net so behoort die vrou haar verantwoordelikheid as vrou 100% te vervul. As daar nou enige swakhede van enige kant van die twee partye is en hulle nie hul pligte kan nakom nie, tree daardie pragtige Skrif in,

Pred 4:9 "Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid."

Ons ondervind almal tye van swakheid, en dit is die tyd wanneer die een wat sterk is se 100% die 80% of 50%, of selfs in uiterste gevalle, die 0% van die ander swakker party dek. Die Skrif gaan verder deur te sê,

Pred 4:10 "..._maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel."

Sal jy jou metgesel in die tyd van hulle swakheid optel, of sal jy kritiseer en kla oor die ekstra las wat jy nou moet dra?

Eer mekaar

God het ons man en vrou geskape. Hy het ons nie eenslagtig gemaak nie. Diegene wat vertel dat daar geen verskille tussen mans en vroue is nie, glo ek is verblind deur die vyand van ons siele (ek sê dit met respek aan dié wat sulke menings voorhou). Ons is verskillend. In die Olimpiese Spele neem mans en vroue afsonderlik deel. Om hulle teen mekaar te laat meeding, sou 'n onregverdige voordeel aan die mans gee. Die kompetisies is op hierdie manier uiteengesit uit erkenning van die fisiese feit dat mans oor die algemeen sterker as vroue is. Die Skrif self sê dat vroue die "*swakker geslag*" is en as sulks *vereer* moet word.

*1Pet 3:7 "Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, **eer bewys**, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is — **sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.**"*

Ons is dus verskillend. Net omdat die vrou die swakker geslag is, beteken dit egter nie dat die man haar moet oorheers of op haar moet neersien en as 'n dienskneg behandel nie. Nee, saam is julle 'n span. Ek hou van die manier hoe die Skrif sê ons behoort aan haar "*eer te bewys*". Die ou "*gentleman*" optrede om die kar deur vir haar oop te maak, te wag dat sy eerste deur 'n deur loop, om op te staan en vir haar 'n sitplek te gee, is maar 'n paar maniere waarop jy vir haar eer kan bewys. Om haar tye van swakheid te herken en jou eie gevoelens en gesprekke te beheer, is ander maniere om aan haar eer te bewys.

Tydens tipiese manne byeenkomste het ek al dikwels gehoor dat mans baie neerhalend van hulle vrouens praat en dan kry ek die vrou jammer. As hy so min van haar dink voor ander mans, wat gebeur in hulle huis? Ek sal nie negatief van my vrou praat of haar bespot nie, of sy teenwoordig is of nie. Sy is vir my te kosbaar om haar deur die modder te sleep. Ek eer haar en op haar beurt respekteer sy my, en ons het 'n mooi verhouding.

Hierdie is van die beginsels wat ek uit God se Woord geleer het. Daar is baie teorieë van mense, en die geslagskwessie is iets waarvoor mense sterk voel. Ek sien in God se Woord dat ons verskillende rolle het om te speel. Dit is so deur God ontwerp om die huwelik in vrede te laat werk soos Hy dit bedoel het. As jy in mening verskil, is dit goed so. Mag ek met deernis en liefde vra, argumenteer en baklei julle in die huis? Kan jy met eerlikheid sê dat daar die heelyd vrede heers? Indien nie, met respek, glo ek nie jou mening dra baie gesag nie, want dit werk nie. Ek het God se manier probeer, en ná 45 jaar van geluk kan ek met gesag sê dat dit vir my gewerk het. Ons vervul verskillende rolle in ons huis; ons tel mekaar op, ons eer en respekteer mekaar en soos die jare verbygaan, raak ons net liefwer en liefwer vir mekaar.

Dit lyk asof hierdie in 'n reeks ontwikkel. Ek hoop dit is vir baie van julle wat seer het, van hulp. 'n Pragtige huwelik *is moontlik!* Julle kan dit ook hê. Onthou net dat jy nie kan verwag dat dinge in jou huis anders moet verloop as jy aanhou om dinge op dieselfde manier te doen nie. As jy ander resultate wil hê, moet jy ander aksies uitvoer. *'n Nuwe oes sal die plant van vars sade vereis.*

Hoe sterker jou huwelik – en dit word aangedui in die sagtheid waarmee julle mekaar hanteer – hoe meer effektief sal jou optrede buite die huis wees. Mag hierdie moeilike tye van druk 'n tyd wees waarin al ons huwelike versterk sal word.

Met liefde aan julle almal,

Henry Jackson